Environmental Resources Management
Johannesburg Office
Building 32, 1st Floor
The Woodlands Office Park,
Woodlands Drive
Woodmead, 2148
South Africa
Tel: +27 (0) 11 798 4300
Fax: +27 (0) 11 804 2289
www.erm.com

Postal Address:
Postnet Suite 624
Private Bag X29
Gallo Manor, 2052
Johannesburg
South Africa

2 October 2012 *Projeknommer: 0172056*

Geagte Heer/Dame

VOORGESTELDE UITBREIDING VAN TRANSNET SE BESTAANDE SPOORLYN VIR DIE UITVOER VAN MANGAANERTS, ASOOK VERWANTE INFRASTRUKTUUR IN DIE NOORD- EN OOS-KAAP

Basiese Invloedbepalings/DOS Verwysingsnommer: 14/12/16/3/3/2/405
Wysigings Verwysingsnommer: 12/12/20/1240
OIB/DOS Verwysingsnommer: 14/12/16/3/3/2/688

Transnet (SOC) Beperk (hierna Transnet genoem) beoog om die bestaande spoorlyn vir die vervoer van mangaanerts vanaf Hotazel in die Noord-Kaap na die Ngqura-hawe in die Oos-Kaap uit te brei. Die groeiende aanvraag in mangaanerts is die rede vir die uitbreiding van die uitvoerkorridor se kapasiteit na 16 miljoen ton per jaar (Mtpa). Die voorgestelde uitbreiding sluit die volgende in:

- Uitbreiding van verskeie bestaande spoorlusse ("rail loops") in die Noord- en Oos-Kaap;
- Die lê van twee nuwe spoorlusse in die Noord-Kaap; en
- Die bou van 'n nuwe monteerwerf naby Hotazel in die Noord-Kaap.

'n Wysigingsproses, 'n Basiese Invloedbepalingsproses (BIB) en 'n volledige Omgewingsinvloedbepalingsproses (OIB) kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) (Wet 107 van 1998), soos gewysig, moet gevolg word voordat daar met die proses begin kan word. Die besluitnemings owerheid vir al hierdie prosesse is die Nasionale Departement van Omgewingsake (DOS). ERM Southern Africa (Edms) Bpk is as die Onafhanklike Omgewingsbeoordelingspraktisyn aangestel om bogenoemde prosesse uit te voer.

Mylpale in die O&MIB, BIB –en Wysigingsprosesse

- **Aankondiging van projek en registrasie**: Die aangehegte Agtergrond-inligtingsdokument (AID) verskaf meer inligting oor die voorgestelde projek en die regulatorieseprosesse. U word hartlik uitgenooi om as Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en aan die proses deel te neem. Die sperdatum vir registrasie deur B&GPe en vir aanvanklike kommentaar en kwessies is **Donderdag,** 1 **November 2012.**
- **Openbare oorsig van die Konsep OIB, Konsep Basiese Invloedbepalings - en Wysigingsverslae:** Hierdie verslae sal beskikbaar gestel word vir openbare kommentaar in November 2012 en B&GPe sal uitgenooi word om openbare vergaderings by te woon. Genoegsame tyd sal verskaf word om die nodige datums en tye aan B&GPe te verskaf.
- **Openbare oorsig van die Finale OIB –en Finale Basiese Invloedbepalingsverslae:** Hierdie verslae sal beskikbaar gestel word vir openbare kommentaar gedurende die eerste kwartaal van 2013.
- **Openbare oorsig van die Konsep Omgewingsinvloedbepalingsverslag:** Hierdie verslag sal beskikbaar gestel word vir openbare kommentaar gedurende die tweede kwartaal van 2013 en B&GPe sal uitgenooi word om openbare vergaderings by te woon. Genoegsame tyd sal verskaf word om die nodige datums en tye aan B&GPe te verskaf.

Registered Company address:
Environmental Resources Management
Southern Africa (Pty) Ltd
Building 32, 1st Floor,
The Woodlands Office Park,
Woodlands Drive
Woodmead, 2148

Company registration number
2003/001404/07

Directors
Jeremy Soboil (Managing)
Grant Bassingthwaighte
John Alexander (UK)
John Simonson (UK)

Offices worldwide

A member of the Environmental Resources Management Group

- **Openbare oorsig van die Finale Omgewingsinvloedbepalingsverslag:** Hierdie verslae sal beskikbaar gestel word vir openbare kommentaar gedurende die derde kwartaal van 2013.

Kommentaar op die Agtergrond-inligtingsdokument (AID)

U is welkom om op die AID kommentaar te lewer deur:

- Die aangehegte registrasie- en kommentaarblad te voltooi en aan ERM te stuur teen Donderdag, 1 November 2012;
- 'n Brief te skryf of 'n bykomende skriftelike voorlegging in te dien; en
- Per epos, faks of telefoon met die kantoor vir openbare deelname in verbinding te tree.

Ons wil u hartlik uitnooi om betrokke te raak met die openbare deelname proses en om enige kommentaar, kwessies of voorstelle oor die voorgestelde projek of openbare deelname proses te lewer. Verdere korrespondensie sal gestuur word aan geregistreerde B&GPe.

Indien u meer inligting tree asseblief in verbinding met **Paul Monare** by Tel: (011) 798 4300, Faks 086 292 7318 of e-pos: trannet@erm.com. Die projekwebwerf sal ook deurlopend opgedateer word, voel vry om te besoek by www.erm.com/transnet-expansion.

Die uwe
ERM

Nestus Bredenhann
Senior Konsultant

Ingesluit:

- *Agtergrond-inligtingsdokument*
- *Registrasie en Kommentaarblad*